Hoe om ‘n vasvrae op GRA-dag te hou

Hou ‘n ‘Afrikaanse’ Verkenner-byeenkoms naby GRA-dag (14 Augustus).

? Stappe

1. Vertel baie kortliks die geskiedenis van die ontstaan van Afrikaans.

Die ontstaan van Afrikaans
Afrikaans het ontstaan uit 'n mengelmoes van tale en daar bestaan verskeie teorieë oor watter van die tale nou eintlik die meeste verantwoordelik was vir Afrikaans. Tale wat 'n invloed op die ontstaan van Afrikaans gehad het was onder meer:
Nederlands - heel moontlik die grootste invloed op die ontstaan van Afrikaans
Duits - 'n groot invloed
Frans - 'n groot invloed
Maleis-Portugees - tot 'n mindere mate, maar tog 'n invloed
Engels - 'n invloed
Khoi - 'n invloed
Dat Afrikaans 'n taal in eie reg geword het is 'n wonder. Daar was baie teenstand teen die erkenning van Afrikaans as taal in die kerk, die onderwys, die reg en in byna alle aspekte van die samelewing in die middel van die 1800's. Alhoewel baie mense dit gepraat het was dit aanvanklik deur 'n groot deel van die meer “gesiene” deel van die gemeenskap gesien as 'n spot taal of plat taal.

2. Hou ‘n vasvrae-kompetsisie. Verdeel die span in groepe. Die vasvrae kan ook tussen verskillende spanne gehou word. Die offisier kan die regte antwoord van ‘n vraag gee indien niemand die antwoord ken nie. Die vraag kan dan later weer herhaal word. Waarsku alle spanlede dat punte afgetrek gaan word indien enige spanlid ‘n Engelse woord gebruik.
3. Kry ‘n offsier wat telling hou. Begin by AFDELING A. Roteer die vrae tussen die groepe. ‘n Korrekte antwoord tel ‘n punt.

Vasvrae

AFDELING 1

Jy kan vir elke span ‘n vraag vra of die span wat eerste ‘n klokkie druk kan die vraag beantwoord.

Jy kan punte aftrek vir verkeerde antwoorde.

1. Hoeveel mense in Suid-Afrika praat Afrikaans? **Ongeveer 6 miljoen / 5 811 547**
2. Watter belangrike dag vier ons op 14 Augustus? **GRA**
3. Waarvoor staan GRA? **Genootskap van Regte Afrikaners**
4. Watter persoon het ‘n belangrike rol in die stigting van die GRA gespeel? **Ds SJ du Toit.**
5. Hoeveel amptelike tale het Suid-Afrika tans? **11**
6. Wanneer het Afrikaans ‘n amptelike taal geword? **1925**
7. Watter ander taal het saam met Afrikaans die amptelike landstaal geword? **Engels**
8. Watter jaar is die Bybel vir die eerste keer in Afrikaans vertaal? **1933**
9. Van watter taal kom Afrikaans hoofsaaklik? **Nederlands**
10. Hoeveel % van Afrikaans kom van Nederlands? **95%**

11. Noem nog tale waaruit Afrikaans kom? **Maleis, Portugees, Frans, Duits, Engels en Afrikatale.**
12. In watter ander land, behalwe Suid-Afrika praat daar baie mense Afrikaans? **Namibië**
13. Waar staan die Taalmonument? **Paarl**
14. In watter jaar is die Taalmonument ingewy? **1975**
15. Die eerste taalbeweging het gedurende die Anglo-Oorlog doodgeloop. Op 13 Desember 1905 is die Afrikaanse Taalgenootskap gestig. Wat was die doel van die beweging? **Om Afrikaans te skryf en praat.**
16. Die eerste taalmonument is opgerig te Burgersfort in …… **1893.**
17. Afrikaans is die jongste taal in die wêreld. **Ja**/Nee
18. Noem twee radiostasies wat net in Afrikaans uitsaai? **RSG** en **Radio Pretoria**

AFDELING 2

Voltooi die volgende gedigte:

19. Ek hou van ‘n man wat sy man kan staan;
    Ek hou van ‘n arm wat ‘n slag kan slaan;
    oog wat nie wyk
    Wat ‘n bars kan kyk
20. ‘n Druppel gal is in die soetste wyn
    ‘n traan in op elk vrolik snaar
    in elke lag ‘n sug van pyn
    in elke roos ‘n dowwe blaar
    Die een wat deur die nag
    Ons pret beloer
    En laaste lag
    Is Skoppenboer
    Vir ‘n bonuspunt – watter een van die volgende digters het die gedig geskryf?
    Jan F E Celliers / CJ Langenhoven / Totius, **Eugene Marais**
21. “Bitterbessie dagbreek
    bitterbessie son
    ‘n spieël het gebreek
    tussen my en hom”
    Vir ‘n bonuspunt – wie het die gedig geskryf? **Ingrid Jonker**
22. Watter een van die volgende digters het die gedig geskryf?
    “Die osse stap aan deur die stowwe, geduldig gedienstig, gedwee;
    Die jukke al drukkend hul skowwe, hul dra dit getroos en tevree”
    Jan F E Celliers / CJ Langenhoven / Totius, Eugene Marais

AFDELING 3

23. ‘n Kunstenaar se naam word gelees. Binne 5 tellings moet ‘n span / groep ‘n Afrikaanse lied van die kunstenaar sing. Almal moet saamsing. Gee vir ‘n groep 1 punt indien die meeste van die groep ‘n klein deel van die liedjie kan sing. Gebruik maar eie oordeel. Hierdie afdeling sorg vir groot pret.

Sangers

Liani May

Dozi

Robbie Wessels

Bok van Blerk

Karin Zoid

Kurt Darren

Theuns Jordaan

Steve Hofmeyer

Laurika Rauch

Eden

Nicolis Louw

24. **Idiome**

Voltooi die volgende idiome

Buig die boompie **solank hy jonk is**

Die een se dood is **die ander se brood**

Elke dierjie **het sy plesiertjie**

Die mens wik, maar **God beskik**

Luiheid is die **duiwel se oorkussing**

Die morestond het **goud in die mond**

Mooi vergaan, maar **deug bly staan.**

25. **Verduidelik die betekenis van elk van die volgende idiome**

Iemand het tiermelk gedrink – **dronk.**

Hy loop aandklas – **hy kuier by ‘n nooi.**

Hy staan asof hy ‘n albaster ingesluk het - **met die mond toe, sê niks.**

Die geel baadjie aanhe – **jaloers**

Sy bene begin rooi word – **hy begin vryerig raak.**

Die verste berg is altyd die blouste – **onbereikbare dinge lyk altyd aantreklik**.

Biltong sny voor die bees geslag is – **reken op iets wat nog nie gebeur het nie**.

4. Tel die punte bymekaar en gee vir die wenspan ‘n prys.
5. Sluit af met die volgende:
   Afrikaans sal slegs voortleef as mense soos jy 'n waarde daarvoor het. Afrikaans sal slegs 'n taal in eie reg bly as jy besef dat die taal nie beskerm word deur enige wet of instelling nie. Dit word alleen deur my en jou volgehoue gebruik, en aandrang op gebruik daarvan sonder om ander se regte in te perk, beskerm.

Buiten dit is jy as Voortrekker daartoe verbind om jou taal in ere te hou. Wanneer jy jou taal in ere hou erken jy ook die herkoms daarvan asook die feit dat daar mense was wat baie hard gewerk en gestry het om te sorg dat jy vandag met trots kan sê: "Ek is 'n Afrikaner en ek praat Afrikaans".

☺ Wenke

1. Daar is 'n aantal liedjies wat handel oor die Afrikaanse taal. Indien beskikbaar speel die liedjies bv. Bok van Blerk – Ons praat nog steeds jou taal.
2. Klokkies kan gekoop word by Waltons.

☠ Waarskuwings

1. Wees regverdig met die toekenning van punte.

🕮 Bronne

1. Verkennerlewe